

**Baaij, P K 1993. Paulus over Paulus: Exegetiese studie van Romeinen 7**

Kampen: Kok. Hardeband, VIII + 520 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof G M M Pelser**

Die outeur van hierdie monografie noem dit die 'handelseditie' van 'n proefskrif wat gedurende 1992 te Brussels verdedig is. By die lees hiervan word dit ook betreklik gou duidelik dat 'n mens inderdaad met 'n proefskrif te doen het, en dat dit dus nie vir gereidelik ontspanne en gemaklike konsumpsie ingerig is nie. Dit lees besonder moeilik, en dit nie alleen omdat daarin die tipiese proefskrifvorm en redeneertrant aangetref word nie, maar veral ook vanweë die baie gedeeltes in kursief- en kleindruk en die talle woorde wat binne sinne tussen óf vierkantige óf ronde hakies geplaas is. Die beswaar is nie teen die gebruik van hakies as sodanig nie, maar daarteen dat die aanwending daarvan in hierdie studie *ad absurdum* gevoer is. Meer as dikwels moet 'n mens by die woorde tussen hakies probeer verbylees en die betrokke sinne herlees om te kan sin maak van wat daarmee gesê wou word. Hierdie oormatige en verwarrende gebruik van woorde tussen hakies kom telkens en tot vervelens toe voor waar die outeur 'n vertaalde weergawe probeer gee van die teks waarmee hy besig is, en in die bespreking van so 'n teks word die weergawe dan ook verskeie kere in verskillende vorms herhaal.

In die inleiding tot die boek stel die outeur dit as sy oortuiging en uitgangspunt dat hoewel Paulus in Grieks geskryf het, sy denke deur Hebreeus beheers is. Dit het ten gevolg gehad dat wie nie hiervan kennis geneem het en hierop bedag was nie, nie vir Paulus reg verstaan het nie. So is hy dan ook deur die eeue heen óf ten dele óf ten volle misverstaan, en dit lyk of die outeur van oordeel is dat dit die oorgrote meerderheid van Paulusinterpreteerders tot op datum geld. Hy noem in hierdie verband in die besonder die outeur van die Pastorale Briewe, I Klemens, Ignatius, Marsion, Augustinus, die vroeëre en latere konsilies en ook Luther. Augustinus se totale misverstaan van Paulus word nie soeser daaraan toegeskryf dat hy nie 'n oog gehad het vir die Hebreeus agter Paulus se woorde nie, maar aan die feit dat hy nie Grieks kon lees nie en gevolglik van swak Latynse vertalings afhanklik was. Die eerste bykans sewentig bladsye van die boek word dan ook in beslag geneem deur 'n interessante en heel insiggewende bespreking en evaluering van die genoemde interpretasies. Dit word gevolg deur die eksegetiese deel van die boek, wat soos verwag kan word, die grootste gedeelte van die boek in beslag neem. En hoewel as subtitel van die boek aangegee word dat dit 'n eksegetiese studie van Romeine 7 is, word voorafgaande daaraan eers agtereenvolgens gehandel oor 1:16-17; 2:12-13; 3:19-20, 21-24, 25-26; 4:22; 5:10, 17; 6:18.

In ooreenstemming met bogenoemde oortuiging dat Hebreeuse begrippe aan Paulus se woorde ten grondslag lê, word as doel van die studie gestel dat die gedeeltes of perikope in die Romeinebrief wat onder die loep geneem gaan word, verstaan wil word deur soveel as moontlik Hebreeuse ekwivalente te vind vir die in Grieks geformuleerde gedagtes van Paulus. Dit is dan ook die wyse waarop daar deurgaans in die eksegetiese gedeelte te werk gegaan is, en dit is juis hierdie wyse van doen wat verantwoordelik is vir die grootste beswaar wat teen hierdie studie ingebring kan word. Dat Paulus 'n Jood was en dat sy Joodse agtergrond, met name ook die Ou Testament, 'n belangrike rol in sy denke gespeel het, ly geen twyfel nie. Die Pauliniese navorsing het egter duidelik uitgewys dat die beïnvloeding van Paulus nie so eensydig vanuit Ou-Testamenties-Joodse agtergrond geskied het nie, maar beslis

ook vanuit Hellenistiese omgewing. Soos reeds hierbo gemeld is, word daar egter in hierdie studie net van eersgenoemde moontlikheid uitgegaan en op so 'n wyse dat 'n mens die gevoel kry dat die Paulus-briewe in die grond van die saak produkte van Ou-Testamenties-Joodse karakter is wat as 't ware toeval-lik in Grieks geskryf is.

Die gevolg van hierdie werkwyse is dat daar nie alleen op die reeds agterhaalde logosentriese wyse met woorde omgegaan word nie, maar ook dat daar betreklik subjektief besluit word oor wat as Hebreuse ekwivalent vir 'n Griekse woord moet gegeld het. Die resultaat hiervan is verder dat betekenis aan Griekse woorde geheg word wat nêrens in leksika aangetref word nie. As voorbeelde hiervan kan die volgende genoem word: ἀκροατής in Romeine 2:13 word nie met 'hoorder' vertaal nie maar met 'beswerder', omdat veronderstel word dat שִׁבְעָה hier as Hebreuse ekwivalent gelees moet word; χωρίς in 3:21 word nie met 'sonder' (die wet) vertaal nie maar met 'geskei' (van die wet), vanweë die aanname dat die stam ברל die ekwivalent is; διαστολή in 3:22 word nie met 'onderskeid' vertaal nie maar met 'verlossing', omdat פְּרוּת die ekwivalent sou wees; en καταλλάσσω in 5:10 word nie met 'versoen' vertaal nie maar met 'verander', op grond van die stam לַחַח as veronderstelde ekwivalent. Nog 'n hele aantal voorbeelde van hierdie vreemdsoortige hantering van die teks kan genoem word. Hierdie paar voorbeelde behoort egter as voldoende bewys te dien van die subjektiewe en dikwels ongegronde wyse waarop gewoon veronderstel word wat die Hebreuse ekwivalent moet wees, om dan daarvolgens betekenis te bepaal. Dat die outeur volumegegewens en wat navorsing betref, 'n groot stuk werk gedoen het, kan nie ontken word nie. Dit is egter 'n vraag of die eindresultaat as bevredigend beskou kan word. Of ons hier werklik met 'n nuwe, en daarby 'n regte, verstaan van Paulus te make het, is te betwyfel, behalwe natuurlik as ek nie die nuwe en meer 'Pauliniese' daarvan raakgesien het nie. Die studie maak ook die indruk dat daarin gebruik gemaak is van benaderings en metodes wat vir die huidige as uitgedien beskou word. Hierbo is reeds genoem dat dit 'n oorwegend logosentriese studie is, met die gevolg dat struktuur en tekssemantiek nie aandag gekry het nie. Die studie laat die indruk dat die outeur nog uitgaan van die oortuiging dat 'n woord 'n *Grundbedeutung* het en dat woorde as sodanig betekenis het, in stede daarvan dat hulle alleen in konteks beteken. As onaanvaarbaar in 'n studie soos hierdie moet ook beskou word die konkordante, en om hierdie rede dikwels lompe wyse waarop die betrokke tekste vertaal is. 'n Poging om deur middel van 'n letterlike vertaling 'n teks beter te laat verstaan, het dikwels juis die teenoorgestelde uitwerking omdat so 'n vertaling meer as eenmaal nie die dieptestruktuur blootlê nie en gevolglik semantiek ontoereikend is. Voeg hierby die outeur se onbewese aanname dat die gemeente(s) van Rome uit Joodse-Christene bestaan het, dat Handeling se gegewens oor Paulus se herkoms, burgerskap en studie onder Gamaliël histories betroubaar is en dat die Apokalips as bron gebruik kan word om te bepaal wat die situasie was waarin die Pauliniese gemeentes hulle aan die einde van die eerste eeu bevind het.

Of dit aan te beveel is dat 'n mens hierdie boek vir jou boekrak moet aankoop, is te betwyfel. Die wat baie tyd en kragte tot hulle beskikking het, kan die boek probeer lees. Die kans is egter nie goed dat hulle aan die einde veel wyser as voorheen oor Paulus gaan wees nie. Hulle sal wel met instemming kan lees dat Paulus nie in Romeine 5:12-21 die erfsondeleer gepropageer of begronde het nie. Maar die meeste van hulle sal kwalik met dieselfde instemming kan verneem dat wat in 7:7-25 gesê word, as 'n outobiografie van 'die mens Paulus' gelees moet word. Na alles kan wel gesê word dat hierdie studie ons opnuut daarop bedag gemaak het dat ons by die bestudering van Paulus nie sy Ou-Testamenties-Joodse agtergrond buite rekening moet laat nie. Ons moet dan net nie so te werk gaan as wat in hierdie studie gedoen is nie.